

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Hoe herken ons profete?”

Skriflesing: Matteus 11:2-11 (1953)

- ²En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur
- ³en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?
- ⁴En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien:
- ⁵blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die ewangelie verkondig.
- ⁶En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.
- ⁷En toe hulle vertrek, begin Jesus vir die skare aangaande Johannes te sê: Wat het julle uitgegaan om in die woestyn te aanskou? 'n Riet wat deur die wind beweeg word?
- ⁸Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat sagte klere dra, is in die huise van konings.
- ⁹Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer as 'n profeet!
- ¹⁰Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak.
- ¹¹Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy.

Broodjies vir die Pad

Eensame siele en hul krag

Colet van der Ven

‘n Vrou wat tien jaar lank dood lê in haar huis, lyk na die toppunt van eensaamheid. Maar eensaamheid hoef nie altyd net negatief te wees nie.

Tien jaar lank het sy dood op haar bed gelê. Nie gemis nie, nie gesoek nie, verlede week op afgekom. Nie deur haar dogter nie, nie deur haar bure nie, nie deur 'n vriendin nie, maar deur bouwerkers. Hoe eensaam kan 'n mens wees? En hoeveel gesigte het die eensaamheid?

Die filosoof en maatskaplike navorser Anja Machielse verken die leefwêreld van die uiters eensames. Sy onderskei tussen sosiale eensaamheid, wat wel 'n lewensmaat insluit maar geen wyer kring van vriende of kennisse nie, en emosionele eensaamheid, waar iemand wel 'n breër netwerk

om hom of haar het, maar 'n sielsgenoot ontbreek. Sommige mense, soos waarskynlik die oorlede vrou, gaan gebuk onder die las van sowel sosiale as emosionele eensaamheid. Daar is niemand nie, was lank reeds niemand nie en daar sal ook niemand in die toekoms wees nie. En dit kan 'n mens so uithol dat hy of sy self tot niemand vervaag.

Vloek

Om oorbodig te voel, is vir 'n mens ondraaglik, verklaar Joachim Duyndam, die Sokrates-hoogleraar in Wysbegeerte aan die Universiteit vir Humanistiek in Utrecht. Met hierdie gedagte volg hy in die voetspore van die Duits-Joodse filosoof Hannah Arendt, wat praat van die diepgaande tragedie daarvan om 'onnodig' verklaar te word, om onvrywillig afgesny te wees van andere, van die wêreld. Arendt noem die besef van oorbodigheid die vloek van die moderne massamens: ontwortel, geïsoleer, nie raakgesien nie. Dis om wanhopig van te word.

Die Amerikaanse skilder Edward Hopper het hierdie eensame siele wel raakgesien, en hulle 'n tweede lewe op die doek gegee. Met strak gesigte sit hulle by 'n kroeg, soos stram poppe lê hulle in 'n strandstoel, met nikssiende oë kyk hulle in 'n treinkompartement om hulle heen. Saam met ander, maar alleen. Of heeltemal alleen. Leun vooroor gebuig oor die rand van 'n stoep, tuur naak op 'n hotelbed deur die venster, staar in 'n kafee na die bodem van hul koppie koffie. Hierdie bleek wesens straal troostelose verlatenheid uit. Hulle het die wêreld opgegee, en die wêreld hulle.

Sosiale wesens

'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.' In die Bybelboek Genesis is dit die eerste keer dat God hom by die beskouing van sy skepping negatief uitspreek oor 'n aspek daarvan. Sonder 'n ander mens kry selfs die paradys die gevoel van 'n woestyn. Mense is sosiale wesens, hulle het ander nodig. In sy filosofiese oorvertelling van die verhaal van Robinson Crusoe laat roep Michel Tournier daardie ikoon van die eensaamheid in wanhoop uit: 'Ons beste verweer teen die waansin, die oëverblindery, die lugspieëling, die hallusinasië, die dagdroom, die hersenskim, die gehoorsafwyking is ons broer, ons buurman, ons vriend of ons vyand, maar iemand, grote God, iemand.' Crusoe beskryf die eensaamheid as 'n verterende swam wat langsamerhand, maar sonder ophou, op hom toesak en hom vernietig.

Maar die eensaamheid is veelkantiger, meer-dimensioneel, volgens Nietzsche. Hy verwys gereeld in die slotreëls van sy boeke na die verskynsel. So byvoorbeeld vergelyk hy homself in 'Menslik, alte menslik' met 'n wandelaar in die woestyn wat, selfs omring deur ander, blote woesteny ervaar. Soos sy alter ego Zarathoestra, soek hy doelbewus die eensaamheid op om nie gepla te word deur die tipes wat maar altyd 'stekel en hekel' nie, jaloers op sy kunstenaarskap maar terselfdertyd veroordelend daarteenoor. Hier omvorm Nietzsche die eensaamheid van die noodlot in noodsaak, omdat skeppingskrag stilte vereis, skepping net in stilte kan

geskied. Anders as Nederlands, onderskei die Engelse taal tussen gesonde eensaamheid, ‘solitude’, en ongesonde eensaamheid, ‘loneliness’.

Gevoeliger en ontvankliker

Solitude: eensaamheid wat nie ‘n afgrond is nie, maar intendeel ‘n plek om jousef, God, jou bestemming en skeppingskrag te vind. Dit is hoe die filosoof Jan Bor die eensaamheid aanprys: ‘Die beste wat ‘n mens kan hê: dit verleen toegang tot ‘n ryk innerlike landskap’. Gevoeliger en ontvankliker kom jy daaruit as jy dit – die innerlike eensaamheid – eenmaal deurleef het.

Bor bevind hom in goeie geselskap. Ook die Italiaanse digter en humanis Petrarca besing die staat van alleenwees. Sy ‘Vita solitaria’ van 1346 is ‘n ode aan die lewe van afsondering. Hy soek die eensaamheid op om ‘n bestaan te kan voer wat die meeste ooreenstem met sy diepste wese: in sy geval, die lewe van ‘n skrywer. Hy spoor sy lesers aan om sy voorbeeld te volg en die stad – en vroue, wat gedurig oor beuselagtighede kommer en kwel – die rug toe te keer. Dit verbaas mens dus nie dat hy, in teenstelling met God self, daarvan oortuig is dat niemand gelukkiger was as die stamvader van die mens vóór Eva oor sy pad gekom het nie!

Praat met jousef

Die vader van die essay-genre, Michel de Montaigne, kies egter weer ‘n ander invalshoek. Hy verhef die eensaamheid tot ‘n kuns wat oefening verg. ‘Ons moet soos die diere maak, wat die spore voor hul gate doodvee. Moenie langer daarna streef dat die wêreld oor jou praat nie, maar leer om met jousef te praat. Keer tot jousef in, maar berei jou eers goed voor, sodat jy daar waardig ontvang kan word: dit sou dwaasheid wees om op jousef te vertrou as jy nie in beheer van jousef is nie. Jy kan net so maklik die toets van eensaamheid faal as dié van gemeensaamheid.’

Om die eensaamheidstoets te faal, is ‘n interessante gedagte. Montaigne se formulering van die eensaamheid lyk egter meer na Petrarca se soort binnetoe keer as na die wanhoop wat mens uitmekaar laat val, wat Arendt by die ontwortelde massamens opmerk.

Eensaamheid: ‘n plek om jousef te vind – en afgrond. Bron van krag – en die suigkrag van die moeras. Daarvoor kan jy groei, en daarvan kan jy doodgaan. Tien jaar lank deur niemand gesien nie. Selfs nie deur Edward Hopper nie.

Woensdag, 4 Desember. Wat is wysheid? Oor eensaamheid. Olv Colet van der Ven en Daan Roovers (hoofredakteur Filosofietydskrif)

(Vertaling uit Nederlands deur Estelle du Toit)

<http://www.trouw.nl/tr/nl/5116/Filosofie/article/detail/3555584/2013/12/03/Eenzame-zielen-en-hun-kracht.dhtml>

Brood vir die Pad

Wêreld had dié helende mite nodig

Wilhelm Jordaan

Die wêreldwye uitstorting van gelyktydige droefheid en dankbare herinnering aan Madiba het ‘n ontroerende skoonheid:

’n Ganse mensheid herinner mekaar daaraan hoe sy leierskap swart en wit mense uit ‘n mensonterende toedrag bevry het en met onblusbare geesdrif vergifnis en versoening geleef het in die groot en klein besonderhede van sy lang leefbeurt.

Skryf iemand dié naweek “te dikwels skiet die kritiese ontleding (van Mandela) ver te kort. Die mite het die mens vervang”.

Mag so wees, maar die wêreld had dié helende mite nodig; het dit steeds nodig.

Sondag word hy op sy klein tuisdorp, Qunu, begrawe, maar sy mitiese teenwoordigheid sal bly. Met ons Madiba sal dit wees soos die Senegalese digter Birago Diop skryf:

“Luister na die huilende wind / en hoor hoe die bosse snik / Hulle wat dood is gaan nooit weg nie; hulle is in die digte skaduwees / hulle is nie onder die aarde nie / hulle is in die geritsel van die bome / hulle is in die gekla van die woud / hulle is in die lopende waters / hulle is in die water wat slaap / hulle is in die hutte en tussen die skare / die dooies is nie dood nie / hulle gaan nooit weg nie...”

Madiba had ‘n huis in Qunu, ‘n huis in Houghton en vir ‘n wyle was hy in Tuynhuys. Maar hy was ook tuis in elke huis, hut, pondok, gehug en in krotjies van karton en sink; waar ook al mense deur die erns en die vrolikheid van sy mensheid aangegryp was.

Waaroor die Xhosa-digter D.L.P Yali-Manisi in 1954 profeties geskryf het: “aa! Wees gegroet! jy Aardbewing! hy priem soos ‘n naald / die mooi man, hierdie pragtige man / die man vir wie alle togas pas / Aardbewing / heil Mandela wat die pad wit ooptrap / ander volke noem hom Aardskudder / ...”

Nou rou ons oor hom. Dis gepas, want die hartseer is groot. In alle soorte routale:

Antjie Krog se “Rougesang”: “In Qunu weier die / beeste vanoggend om / uit die kraal te kom / by Lusikisiki lê die visse / na aan die oppervlakte / in Mvezo maak die korhane geen geluid nie.”

En in Marlise Joubert se “Treursang”: “moet niks sê nie kyk voor jou / deur die motor se ruit / moenie praat nie... / moenie praat nie – / geliefde man het pas gesterf.”

Dan, in ‘n ander verband, maar gepas vir ons rou nou, W.H. Auden se “Funeral Blues”:

“Stop all the clocks, cut off the telephone, / Prevent the dog from barking, with a juicy bone / Silence the pianos and with muffled drum / Bring out the coffin, let the mourners come... / The stars are not wanted now; put out every one: / Pack up the moon and dismantle the sun...”

In die dae wat verby is, was ek ‘n bietjie jaloers oor die baie mense wat ‘n spesiale ontmoeting of oomblik met Madiba had. Maar ek betig my, want ek is, soos ons almal, deel daarvan – ons gesamentlike, onverwoesbare geheue oor hom. Bowendien, Madiba had my pa se oë en glimlag.

<http://www.beeld.com/opinie/2013-12-10-rubriek-wreld-had-di-helende-mite-nodig>